higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1200**(A)**(J1)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

(3030504)

1 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik die puntetoekennings as gids vir die lengte van jou antwoorde.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Regisseur is 'n lid van die kunstenaar se kreatiewe span.

1.2 'n Prokureur is 'n lid van die kunstenaar se professionele span.

1.3 Die regisseur se verantwoordelikheid is om die musiek te komponeer.

1.4 Die kunstenaar moet eers 'n ooreenkoms met 'n opnamemaatskappy aangaan voordat die persoonlike bestuurder gehuur word.

1.5 Die regisseur help die kunstenaar met belangrike besigheidsbesluite.

1.6 Die prokureur help die kunstenaar met die kreatiewe proses.

1.7 Dit is gebruiklik om sekere gelde af te trek voordat die bestuurder se kommissie bereken word.

1.8 'n Albumsiklus is 'n tydperk van 12 maande.

1.9 Persoonlike bestuurders verdien kommissies aan die einde van die bestuurstermyn.

1.10 Die vergoeding vir openingsoptredes ('opening acts') word afgetrek voordat die bestuurder se kommissie bereken word.

1.11 Die kunstenaar betaal die sleutelpersoon se kommissie.

1.12 Opnamemaatskappye moet persoonlike bestuurders vir kunstenaars aanstel.

1.13 Prokureurs word ook 'n kommissie betaal.

1.14 Die persoonlike bestuurder moet die kunstenaar se opnames bevorder.

1.15 Die persoonlike bestuurder word 'n kommissie betaal elke keer dat die kunstenaar 'n inkomste ontvang.

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n woord of term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Prokureur	A	fisiese kopieë van musiekopnames wat vir promosiedoeleindes aan radiostasies gegee word
2.2	Agent	B	verantwoordelik vir die hantering van die kunstenaar se geld
2.3	Opnamekontrak	C	’n komposisie wat gedeeltelik of geheel deur die kunstenaar besit word
2.4	360 regte	D	‘n spesifieke bedrag wat betaal word vir dienste gelewer
2.5	Onafhanklike promosie	E	bedingingsvermoë (‘bargaining power’)
2.6	Botsing van belange	F	’n opname-ooreenkoms wat outomaties hernu kan word om alle vorige uitgawes en koste te verhaal
2.7	Sakebestuurder	G	beperkinge op wat die agentskap kan doen
2.8	Waarlik onafhanklike opnamemaatskappy	H	opnames word deur onafhanklike promotors bevorder
2.9	Bestek (‘scope’) van agentskap	I	is daarvoor verantwoordelik om kontrakte na te gaan en met die strukturering van ooreenkomste te help
2.10	Opvolgingsooreenkoms (‘Sequential deal’)	J	demonstrasie-ooreenkoms
2.11	Eenvormige tarief (‘Flat fee’)	K	’n ooreenkoms tussen die kunstenaar en die opnamemaatskappy wat volgens wet bindend is
2.12	Promosiekopieë	L	’n maatskappy wat deur sy eienaars gefinansier word en nie by ‘n groot maatskappy geaffilieer is nie
2.13	Slaankrag (‘Clout’)	M	wanneer ’n prokureur twee partye verteenwoordig wat teenoor mekaar staan
2.14	‘Farm team’	N	die opnamemaatskappy het moontlik die reg om te deel in die opbrengs van verskillende ooreenkomste, afgesien van die opname-ooreenkoms
2.15	Beheerde komposisie (‘Controlled composition’)	O	is daarvoor verantwoordelik om lewende persoonlike optredes te bespreek

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

gratis; internasionale; regisseur; supersterre; produkte; verbruiker; opname-; liedjies; liedjieskrywer; ateljee

3.1 'n Album met die grootste treffers is 'n versameling … uit die kunstenaar se vorige albums.

3.2 Die klousule oor beheerde komposisies beperk die bedrag wat aan die kunstenaar as … betaal word.

3.3 'n Lewende album word opgeneem tydens 'n lewende konsert eerder as in 'n …

3.4 Verhaalbare opnamekoste sluit alles in waaraan mens kan dink, en is dikwels 'n lys van 'n bladsy lank in die …-ooreenkoms.

3.5 Geen tantième word betaal vir … goedere nie.

3.6 'n Opname is enige soort lewering van musiek vir gebruik deur die …, hetsy klank alleen of met beeldmateriaal.

3.7 Die … afdeling van die opnamemaatskappy koördineer die vrystelling van opnames wêreldwyd.

3.8 Die … van groot opnamemaatskappye word deur 'n groot verspreider versprei.

3.9 'n … is daarvoor verantwoordelik om die kreatiewe produk in 'n tasbare vorm om te sit.

3.10 'Sideman'-optredes is wanneer … op die agtergrond van andere se opnames speel en sing.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Promosiepersone sorg dat (liedjies/opnames) oor die radio gespeel word, en het verhoudings opgebou met programopstellers by radiostasies wat daartoe bydra dat dit gebeur.

4.2 Die (kunstenaar/opnamemaatskappy) word 'n tantiéme betaal elke keer dat 'n opname oor die radio gespeel word.

Kopiereg voorbehou

4.3 Die persoonlike bestuurder is ‘n buffer tussen die kunstenaar en die (opnamemaatskappy/buitewêreld).

4.4 Wanneer liedjies saam met ‘n ander persoon geskryf word, moet die (opnamemaatskappy/persoonlike bestuurder) nie vir die ander persoon se deel van die liedjieverdienste betaal word nie.

4.5 Die sakebestuurder is die persoon in die span wat al die (geld/besigheid) hanteer.

4.6 ‘n Prokureur het ‘n botsing van belange wanneer sy of haar (werknemers/kliënte) in ‘n situasie beland waar daar strydige kante is.

4.7 (Agente/Toerbestuurders) in die musiekbedryf is bykans uitsluitlik betrokke by die bespreking van lewende persoonlike optredes.

4.8 ’n Kunstenaar wat ‘n (middelvlakster/superster) is, is gesog by baie opnamemaatskappye.

4.9 In alle (opnamekontrakte/bestuurskontrakte) word bepaal dat enige liedjie wat tydens die termyn van die ooreenkoms opgeneem is, nie opgeneem mag word vir ‘n sekere tydperk na die termyn nie.

4.10 (Fisiese/Digitale) opnames word deur middel van vier hoofmetodes versprei.

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Wat is die verskil tussen ‘n fisiese opname en ‘n digitale opname?

5.2 What is die verskil tussen ‘n liedjie en ‘n opname?

5.3 Wat is die verskil tussen ‘n komponis en ‘n regisseur?

5.4 Wat is die verskil tussen ‘n waarlik onafhanklike opnamemaatskappy en ‘n onafhanklike maatskappy wat by ‘n groot maatskappy geaffilieer is?

5.5 Wat is die verskil tussen aflaai (‘downloading’) en stroom (‘streaming’)?

5.6 Wat is die verskil tussen webuitsending (‘webcasting’) en ‘podcasting’?

5.7 Wat is die verskil tussen meganiese tantiéme en optrede-tantiéme (‘performance royalties’)?

5.8 Wat is die verskil tussen ‘n agent en ‘n persoonlike bestuurder

5.9 Wat is die versil tussen ‘n opnamepromotor (‘record promoter’) en ‘n musiekpromotor?

Kopiereg voorbehou

5.10 Wat is die verskil tussen ‘n voorskot (‘advance’) en ’n fonds?

(10 × 4) **[40]**

VRAAG 6

6.1 Gee VYF verantwoordelikhede van die persoonlike bestuurder.

6.2 Noem VYF afdelings (‘divisions’) van ‘n groot opnamemaatskappy.

6.3 Identifiseer VYF maniere waarop digitale musiek elektronies versprei word.

6.4 Noem VYF hoofpunte wat bespreek moet word wanneer ‘n bestuursooreenkoms aangegaan word.

6.5 Noem VYF belangrike punte wat bespreek moet word wanneer ’n opname-ooreenkoms gestruktureer word.

6.6 Identifiseer VYF mense wat aan die kunstenaar se kreatiewe span behoort.

(6 × 10) **[60]**

TOTAAL AFDELING B: 100

AFDELING C

VRAAG 7

Verduidelik die volgende konsepte:

7.1 Afloopklousules (‘Sunset clauses’)

7.2 Persoonlike bestuurder se kommissie

7.3 Volmag (‘Power of attorney’)

7.4 Kunstenaar se vlak van bedingingsmag (‘bargaining power’)

7.5 Agent

7.6 Leweringsvereistes (‘Delivery requirements’)

7.7 Regisseurstantiéme (‘Producer's royalties’)

7.8 ‘Sideman’-optredes

7.9 Kruis-kollateralisering (‘Cross-collateralisation’)

7.10 Sakebestuurder

(10 × 10) **[100]**

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou